## ONS GEMEENTE VISIE VIR 2020:
## "DOEN WAT JESUS SAL DOEN"

# VANDAG – 1 NOVEMBER 2020

**KONTAK ONS GERUS:**
Ds. Gert Victor: 082 459 2134
Ds. Ulrich Ohlhoff: 081 436 7488
Koster – Robert Nel: 072 150 4119
Kerkkantoor – Winnie Ruocco: 074 438 0425
Orrelis – Elize Horn: 079 502 6157

## JEUG

Daar sal GEEN kategese, kinder- en kleuterkerk wees vanoggend a.g.v. Skoolvakansie.

## BELYDENIS-AFLEGGING van Jong Lidmate & NAGMAAL

Die volgende katkisante doen volgende Sondag 08 November tydens die erediens om 10:00 belydenis van hulle geloof. Dit is 'n groot hoogtepunt vir hulle en die gemeente. Ons bid vir hierdie jong lidmate en is saam met hulle bly voor die Here. Die Nagmaal sal ook tydens hierdie besondere erediens saam gevier word.

Name van katkisante :
Esmarié Badenhorst
Grantt Benney
Johané Beyers
Anneri Botha
Rigardt de Beer
Yzulte du Plooy
Antoinette Human
Lisa Janse van Rensburg
Markus Jansen
Yonette Linström
Carla Olivier
Charees Skinner
Phillip van der Hoven

## *EREDIENSTE*

Ons versoek lidmate om asb. vir die Eredienste te "bespreek" sodat die administrasie glad sal verloop en nie baie tyd in beslag sal neem nie.
Indien u wil kanselleer kontak asb. die Kerkkantoor.
**https://reopen.church/r/ucKSRdhh**
of by die Kerkkantoor.

***Onthou asb. om u masker te dra tydens Eredienste.***

## DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Die Diens van Barmhartigheid verkoop smullekker burgers met slaai op Sondag 15 November 2020.

Dit kos R50.00 per burger en u kan kies tussen 'n heerlike sparerib of hoender schnitzel burger.

Alle burgers is vir wegneem en kan tussen 11:00 en 12:00 afgehaal word by die Kerk.

Alle fondse gaan vir barmhartigheid in ons gemeenskap en u ondersteuning word opreg waardeer.

Kaartjies is beskikbaar by lede van Diens van Barmhartigheid of by die Kerkkantoor.



# VERJAARSDAE

Mag die lidmate wat vandag en gedurende die week verjaar 'n fantastiese lewensjaar geniet, gevul met die ryke seëninge van God.
Indien u naam nie op die verjaarsdae verskyn nie, kontak asb. die Kerkkantoor.

1 November 2020
Simoné de Bruyn
Franco Schmidt

2 November 2020
Susanna Kruger
Barbara van der Hoven

3 November 2020
Fred Enslin
Mariana Retief (80 jaar)
Willie Snyman

4 November 2020
Chris Engelbrecht
Melanie Ferreira
Lia Marais
Chrisna Potgieter
Rita Prinsloo (83 jaar)
Nelius van Wyk

5 November 2020
Karen Engelbrecht
Theo Jooste
Louis Nel
Elza van der Westhuizen

6 Novmeber 2020
Suzette Burgers
Ulrich Rossouw
Rita van Rensburg (86 jaar)

7 Novmeber 2020
Janika Geel
Katy Wessels (90 jaar)

# BOEK-RUIL-HOEK

Die Boek-Ruil-Hoek is weer oop!
Maandae tot Vrydae 09:00-12:00

Kom loer gerus na alles wat beskikbaar is!

# *FINANSIËLE SAKE*

Indien u graag 'n bydrae wil maak (maandelikse dankoffer, spesiale dankoffer of enige donasie vir projekte) is die volgende opsies beskikbaar:

*Direkte inbetaling of oorplasing
*Debiet order
*Koevert
*Kontant
*Lewering van produkte
*Verkoop van vee

Kontak die Kerkkantoor (058 622 1355) gerus indien u meer inligting benodig.

**Ons bankbesonderhede:**
NG Kerk Harrismith
ABSA Harrismith
Tjek: 910 580 019
Verwys: Doel van inbetaling + van / wyk

**Baie dankie aan elke lidmaat wat ook ons Gemeente Finansieel ondersteun.**

# SPESIALE DANKOFFER

Die kerkraad en finansiële kommissie wil graag "baie dankie" sê vir elke bydrae wat reeds vir die Jaarlikse Dankoffer ontvang is. Dit is werklik 'n groot seëning aangesien dit in baie opsigte 'n moeilike en ontwrigte jaar was. Ons is dankbaar dat die gemeente se finansies verantwoordelik bestuur en aangewend word tot eer van God en Sy Koninkryk.

**Spesiale Dankoffers kan steeds per koevertjie, of by die kerkkantoor, of per eft-inbetaling gedoen word.**

*Begrote Bedrag : R750 000.00*
*Dankoffer ontvang tot op 30 Oktober : R520 000.00*

## VAKANSIE & VERLOWE

**Ds.Ulrich** sal met Sabbatsverlof (Langverlof) wees vanaf **16 November tot 28 Desember**. Ons wens hom en sy gesin 'n welverdiende rustyd toe.
Kontak gerus in hierdie tyd vir ds.Gert indien daar enige behoefte is.

**Ds.Gert** sal vanaf 27 Desember met verlof wees.

**Kerkkantoor:** Die Kerkkantoor sal die volgende dae toe wees: 11, 20 en 23 November. Die Kerkkantoor sluit Vrydag 11 Desember en heropen Maandag 11 Januarie

Gesamentlike eredienste tydens die Desembervakansie sal in Moedergemeente plaasvind.

## ALMANAK 2021

Indien u graag die Kerkalmanak wil borg vir 2021 kontak asb. die Kerkkantoor teen Dinsdag 2 November. Ons kort nog 3 borge vir die nuwe almanak.


## WIT OLIFANT VERKOPING

Vrydag 27 Nov (14 tot 18:00)
Saterdag 28 Nov (08 tot 12:00)

***Bring alles wat jy nie wil hê nie na NG Kerk Moedergemeente se Jeugsentrum voor of op Donderdag 26 Nov 2020 om 12:00. Raak daarvan ontslae, maak 'n paar sente, en ook vir 'n goeie doel.***

** Elke verkoper is verantwoordelik vir eie verkope op eie risiko.*
** 25% van die opbrengs gaan na die Kerk vir Barmhartigheidswerk.*
** Items wat nie verkoop nie, word Saterdag om 12:00 deur verkopers verwyder.*
** 'n Voorwaarde-ooreenkoms sal by bespreking deur verkoper geteken word.*

Vir meer inligting en om 'n plek te bespreek kontak :
Gert Victor – 082 459 2134
Robert Nel – 072 150 4119
Winnie Ruocco – 058 622 1355 (kantoor-ure)



# Gebedsversoeke

## 1-8 NOVEMBER 2020

Gebed maak God ‘n werklikheid.
Daar is geen groter vreugde op aarde of in die hemel as wat die gemeenskap met God verskaf nie, en gebed in Jesus se naam bring ons in God se teenwoordigheid. Oorvloedige blydskap wag vir ons as ons in gebed tot God nader.
(Ps 16:11)
Vader, en daarom sonder ons onsself af om in U teenwoordigheid vir ons gemeente te bid en vir persone wat U hulp en bystand nodig het.

**Voorbidding vir operasies en herstel**.
**Ethne Moor**: Sy was die week vir ‘n knie operasie nadat sy geval en haar knieskyf gebreek het. Sy beweeg baie moeilik. Ons bid vir spoedige herstel. Haar broer is ook die week oorlede en ons bid ook vir vertroosting. Dit gaan goed met Harker. 079 764 9454
**Anel Bekker:** Begin die week met chemoterapie. Sy waardeer die volgehoue voorbidding en ons bid dat sy nie newe effekte van die behandeling sal kry nie. 082785 7037
**Chris Kunz**: Hy is nog in die hospitaal. Ons bly bid vir spoedige herstel.
**Esme Froneman**: Dit gaan nie goed met haar nie. Sy is in ICU in Busamed. Haar hart en longe gee probleme. Haar voet is ook so twee weke gelede geamputeer. Ons bid vir ‘n wonderwerk in genesing. Ons bid vir haar familie en Marius. 082 755 9581.
**Jaco Boyce**: Hy kry nier – dialise. Hy is nog vol pypies wat moet help met dialise tot alles gestabiliseer het. Dialise word in Bethlehem gedoen. Hy is moedig en hulle is baie dankbaar vir al die gebede. Ons bid ook vir ‘n wonderwerk dat die niere kan herstel.
Annelize 082 964 7329.

Ons bid vir persone en familie wat hartseer is na afsterwes. David Leslie se familie en vriende. Van Rooyen familie. Louise de Beer wie se pa die week oorlede is.

Ons bid nog vir persone wat herstel na operasies. Johan van der Meulen. Tannie San Coetzee. Monica Swart. Madelè Botha. Marina van Wyk. Koos van Rensburg.

Ons bid vir die boere, hulle gesinne, hulle werkers en die diere wat baie swaar kry a.g.v. die droogte. Ons bid ook vir hulle beskerming en dat hulle veilig sal voel. Ons bid vir die baie boere wie se plase en diere gebrand het. Dit raak ons almal en ons kan nie onaangeraak voel daaroor nie.

Ons bid vir die bejaardes in ons gemeenskap.

Ons bid vir leerlinge wat eksamen skryf.

Ons bid vir ons regering.

**VREUGDE:**
Baie geluk aan Jaco en Yolandi wat vanoggend Lienke doop.